



# Voornaamwoorde



## Persoonlike & Besitlike Voornaamwoorde (enkelvoud)

Is die persoon **manlik** (*male*) of **vroulik** (*female*)?



### Persoonlike voornaamwoorde (*pronouns*):

Hierdie voornaamwoorde word in die plek van eiename (*proper nouns*) gebruik.

#### hy, hom

Pieter loop in die straat en **Pieter** sien 'n hond.  
Pieter loop in die straat en **hy** sien 'n hond.  
Die hond blaf vir **Pieter**.  
Die hond blaf vir **hom**.

#### ek, my

**Ek** loop in die straat en sien 'n hond.  
Die hond blaf vir **my**.

#### sy, haar

Santie loop in die straat en **Santie** sien 'n hond.  
Santie loop in die straat en **sy** sien 'n hond.  
Die hond blaf vir **Santie**.  
Die hond blaf vir **haar**.

Onthou 'sy' word net vir manlik gebruik as dit aandui dat iets behoort aan die manlike persoon.

### Besitlike voornaamwoorde (*possession*):

Hierdie voornaamwoorde word in die plek van eiename (*proper nouns*) gebruik en dui aan dat iets aan die persoon behoort.



#### sy, syne

Kobus eet **Kobus se** toebroodjie.  
Kobus eet **sy** toebroodjie.  
Die toebroodjie is **Kobus s'n**.  
Die toebroodjie is **syne**.

#### my, myne

Ek eet **my** toebroodjies.  
Die toebroodjies is **myne**.

#### haar, hare

Emma eet **Emma se** toebroodjie.  
Emma eet **haar** toebroodjie.  
Die toebroodjie is **Emma s'n**.  
Die toebroodjie is **hare**.



# Voornaamwoorde



## Persoonlike & Besitlike Voornaamwoorde (meervoud)

Hier maak dit nie saak of die persone manlik of vroulik is nie!



### Persoonlike voornaamwoorde (*pronouns*):

Hierdie voornaamwoorde word in die plek van eiename (*proper nouns*) gebruik.

#### **hulle (*they*), julle (*you*), ons (*us*)**


Die kinders loop in die straat en die kinders sien 'n hond.  
Die kinders loop in die straat en hulle sien 'n hond.  
Die hond blaf vir die kinders.  
Die hond blaf vir hulle.

#### **hulle (*they*), julle (*you*), ons (*us*)**

Ek en my vriende loop in die straat en ek en my vriende sien 'n hond.  
Ek en my vriende loop in die straat en ons sien 'n hond.  
Die hond blaf vir my en my vriende.  
Die hond blaf vir ons.

### Besitlike voornaamwoorde (*possession*):

Hierdie voornaamwoorde word in die plek van eiename (*proper nouns*) gebruik en dui aan dat iets aan die persoon behoort.



#### **Hulle, hulle s'n (*their*), julle, julle s'n (*your*), ons, ons s'n (*our*)**

Die kinders eet die kinders se toebroodjies.  
Die kinders eet hulle toebroodjies.  
Die toebroodjies is die kinders s'n.  
Die toebroodjies is hulle s'n.

#### **Hulle, hulle s'n (*their*), julle, julle s'n (*your*), ons, ons s'n (*our*)**

Ek en my vriende eet my en my vriende se toebroodjies.  
Ek en my vriende eet ons toebroodjies.  
Die toebroodjies is my en my vriende s'n.  
Die toebroodjies is ons s'n.